



NUUSBRIEF VAN DIE SA VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS
NEWSLETTER OF THE SA SOCIETY FOR CULTURAL HISTORY

JG 35, NR 1
 VOL 35, NO 1

June 2018
 Junie 2018

NEWS/NUUS

Die **Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis** (SAVK) is 'n vakwetenskaplike vereniging wat in 1982 gestig is met die doel om die beoefening van Kultuurgeskiedenis in Suid-Afrika te bevorder.

WAT DOEN DIE SAVK? Reël kongresse, konferensies en seminare oor kultuurgeskiedenis; bevorder navorsing en die publikasie van wetenskaplike artikels van kultuurhistoriese aard; maak aanbevelings by owerhede en instellings oor die bewaring van die totale Suid-Afrikaanse erfenis; en bewerkstellig vakwetenskaplike kontak tussen kultuurhistorici en belangstellendes.

WATTER VOORDELE HOU LIDMAATSKAP IN? Die lid ontvang: twee uitgawes per jaar van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis; twee uitgawes per jaar van die vereniging se nuusbrieff, die Sonnerad; die geleentheid om alle SAVK-kongresse en konferensies teen 'n verminderde tarief by te woon; outomatiese lidmaatskap van 'n SAVK-streektaak

Lede word weereens aangemoedig om te akkrediteer. Vorms is beskikbaar by dr Anton van Vollenhoven by antonv@archaetnos.co.za.

Hierdie uitgawe sal my laaste bydrae wees. Vanweë werksdruk het ek besluit om te bedank.

Claudia Gouws

Claudia.Gouws@nwu.ac.za

NUUS UIT DIE RAAD

19 Julie 2018: Prof. Anton van Vollenhoven het bevestig dat die SAVK Raadsitting, tydens die Algemene Jaarvergadering op 24 Mei 2018 in Pelgrimsrus, Mpumalanga, plaasgevind het.

Op 25 en 26 Mei 2018 het die kongres van die SAVK in Pelgrimsrus, plaasgevind. Die tema was: Die lotstye van die mens. Sestien sprekers het opgetree en het uiters interessante referate gelewer. Die kongres was baie geslaagd en die personeel van die Pelgrimsrus Museum moet in die besonder bedank word vir hulle harde werk om daarvan 'n sukses te maak. Die spooktoer en dorpstoer was besonderse hoogtepunte en is afgesluit met 'n sessie waarin kongresgangers self kon goud delf. Diegene wat die koue water wou aandurf, is beloon deur elkeen 'n paar vlokkies goud in hulle panne te vind.

Tydens die jaarvergadering is 'n nuwe raad verkies. Die raad het reeds weggespring met verskeie aksies, waaronder die Sabinetkontrak tov die SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis, die ondersoek na 'n plek vir die 2019 kongres (iewers in die Suid) en bemarking van die vereniging.

Dit is belangrik dat ons in 'n tyd wat geskiedenis en erfenis al meer onder druk kom, 'n leidende rol speel in die poging om die bewaring hiervan te bevorder. Lede van die SAVK is reeds by verskeie aksies in hierdie verband betrokke en daar sal gepoog word om die SAVK hierby in te skakel.

Voor die kongres het lede gestem vir 'n nuwe raad, wat soos volg lyk:

Voorsitter/ akkreditasie	Prof. Anton van Vollenhoven	antonv@archaetnos.co.za	083 291 6104
Ondervoorsitter:	Dr. Marianna Botes (Bloemfontein)	mbotes@nasmus.co.za	083 264 2710
Sekretaris:	Mev. Petra Luus (Pretoria)	petra@es.org.za	076 500 4249
Ledesekretaris:	Me. Celeste Rossouw (Pietermaritzburg)	celrossouw@gmail.com	082 891 5518
Tesourier:	Mev. Leonie Marais-Botes (Pretoria)	leoniembotes@gmail.com	082 576 6253
Tydskrif-redakteur (DHOO-geakkrediteer)	Prof. Elize van Eeden (Pretoria)	Elize.VanEeden@nwu.ac.za	082 752 8839
Sonnerad-redakteur	Dr. Claudia Gouws (Vereeniging)	Claudia.Gouws@nwu.ac.za	079 4666 207
Suidelike Streektak:	Mev. Petro Coreejes-Brink (Brackenfell)	CoreejesP@cput.ac.za	082 511 5105
Suidelike Streektak:	Dr. Natie de Swardt (Victoriabaai)	natiedes@telkomsa.net	083 752 9340
	Me. Cecilia Kruger (Pretoria)	bd@vtm.org.za	083 417 4411
Bemarking:	Mev. Petria de Vaal-Senekal (Louis Trichardt)	petria@devaalanddevaal.co.za	082 555 1672
	Prof. Kobus du Pisani (Vermont, U.S.A.)	kobus.dupisani@nwu.ac.za	083 998 5597
Hanteer SAVK argief via Nandor Sarkady:	Mev. Estelle Pretorius (Pretoria)	navorsing@es.org.za	084 337 9505

HERITAGE AND MUSEUM NEWS/ERFENIS EN MUSEUMNUUS

Aan een van ons lede, Cecile Kruger, Besturende Direkteur Voortrekkermonument en die Erfenisstigting in Pretoria, bd@vtm.org.za is die Rapportryers se Presidentsprys toegeken. Sy spog ook met 'n prag bylae Vrydag, 29 Junie 2018 rakende die bedrywighede by die Voortrekkermonument in *Beeld*. Die algemene publiek word goed inlig oor die werksaamhede van die Monument en die prestasies wat tot op hede deur verskeie SAVK lede betrokke op Monumentkoppie bereik is.



DIE ERFENISSTIGTING

Mev. Estelle Pretorius van die Erfenisstigting het die volgende inligting aan ons deurgegee. Die ES personeel is druk besig met die uitstallings vir die nuwe Opvoedkundige Ontdekkingsentrum by die Voortrekkermonument. Hulle ontvang toenemend openbare navrae oor erfeniskwessies, veral oor die bewaring van historiese huise en geboue in Suid-Afrikaanse voorstede. Die plaaslike EBB-komitees is ook op dreef. Riana Mulder (ES Bestuurder: Versamelings & EBB) was in Louis Trichardt, Phalaborwa en Swartruggens om bestaande en voornemende Erfenisbewarings- of EBB-komitees te besoek. 'n Nuwe komitee is in Phalaborwa gestig, met Dawn Bouwer as die voorsitter. Die vergadering in Swartruggens het vir 'n aangename verrassing gesorg met 22 belangstellendes van vier verskillende dorpe wat bygewoon het. Van hierdie groep is drie nuwe EBB-komitees, elk met vyf lede, vir Zeerust/Groot Marico, Swartruggens en Koster/Derby in die Noordwes-Provinsie op die been gebring. Hulle sal almal rapporteer aan een streeksvoorsitter, ds. Stephan Botha. Estelle is ook dankbaar vir die gasvryheid en vriendelikheid van belangstellendes, en hulle ywer om saam te werk. Stel jy belang om deel van die EBB-netwerk te word? Kontak gerus vir Riana Mulder by museum@es.org.za.

Uit die ES-argief is die volgende nuus gestuur: Vanaf die Zonderwater se Italiaanse Krygsgevangenis in Cullinan is 'n pragtige foto van Lea Raffaella Spano ontvang. Sy was die model wat gebruik is vir die uitbeelding van Thérèse Viglione op een van die Voortrekkermonument se friespaneel. Thérèse Viglione was een van die heldinne tydens die moord by Blaauwkrantz op 17 Februarie 1838. Thérèse was 'n Italiaanse smous op besoek aan die Voortrekkers, en het te perd ander laers teen 'n aankomende aanval gewaarsku en ook beseerdes in haar tent versorg.



Me. Lea Raffaella Spano (links) en Thérèse Viglione soos uitgebeeld op paneel 15 van die Voortrekkermonumentfries (regs)

Die ES-argief se sortering van die GJC Duvenage se privaatversameling is afgehandel en beskikbaar vir navorsers. Prof. Duvenage was vanaf 1974-1985 aan die hoof van die Departement Geskiedenis by die Universiteit van Wes-Kaapland. Hy was ook aktief in die politiek en by verskeie instansies betrokke soos o.a. die Afrikanervolkswag, waar hy onder meer gehelp het met die reëlings van die Groot Trek 150 jaar-herdenkingsfees in 1988. Die versameling bied 'n goeie oorsig oor die politieke situasie in Suid-Afrika gedurende die 1980's en 1990's, asook insig in die Konserwatiewe Party waarvan prof. Duvenage op die Hoofraad gedien het. Hy het verskeie boeke oor die Groot Trek geskryf waarvan die navorsingsnotas in die versameling te sien is. Die ES-argief het voorts die letterkundige versameling van TT Cloete as geskenk ontvang. Die versameling is nog geslote, maar 'n inventaris word van die bestaande dokumente opgestel en sal binnekort beskikbaar wees. Die versameling is veral geskik vir navorsers in die Afrikaanse letterkunde. Heelparty ander skenkings is ontvang, o.a. foto's van die Voortrekkermonument asook ook 'n Bybel wat aan mnr. WP van der Merwe – 'n krygsgevangene op St. Helena tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) – behoort het.

Gedurende September het daar twee uiteenlopende erfenisfeeste by die Monument plaasgevind. Die Monument se eie Erfenisfees op 24 September en ook 'n erfenis- en toerismefees aangebied deur 'n private maatskappy wat die fasiliteite huur, van 14-16 September. Die erfenis- en toerismefees is die eerste van sy soort en het op beide die Voortrekkermonument en Vryheidspark terreine plaasgevind. Dit het ten doel om 'n simbiotiese verhouding tussen erfenisterreine en die toerisme-industrie te kweek om sodoende erfenisterreine te bewaar.

SUKSESVOLLE PROJEKTE

ATKV

According to Johan Outram (ATKV) they, as guides, visit the most amazing sites and facilitate a wide variety of outcomes for learners and educators in South Africa. Freezing wind on their skin is one of the experiences they have when hiking up Brandwag in the Golden Gate National Park. And the Tukela Gorge hike, is one of the hikes in the Royal Natal National Park, where they have left thousands of foot prints, drank hundreds of litres of champagne-mountain water and told multiple stories on the history of the park #QueenElizabeth2 #Shaka #Piet Retief #MalotiTransfrontierPark. During their daily guiding, learners and educators get the opportunity to handle snakes at Dragons Rest Reptile Park, chat to Hooter, the owl @ Falcon Ridge Centre and as a highlight, watch and sing (silently that is) with the Drakensberg Boys Choir. And the nature studies, bring the said activities in line with the National Curriculum to assist educators in their momentous task.

Johan Outram further indicated that they “go by so many names: guide, councillor, facilitator ect., but what do they have in common? A simple answer is sufficient! LOVE. Yes, love! #lovemyjob #lovethisplace #lovetheBerg. Any of these social media emphasis will guide you straight to the person behind the camp. “Guides are unique individuals that more than once just gets a smile when we walk in a mall. We are always guiding, sometimes to dismay of friends and family. Driving with us is an experience as we tend to naturally just let information flow.”



As gidse by **ATKV-Drakensville Omgewingsentrum**, word hulle die geleentede gegun om as individu, professioneel en persoonlik geweldig te ontwikkel. Hier word aspekte van wetgewing hanteer binne 'n opleidingskonteks. #TourismAct2014 #KZNHeritageAct2008 #Occupational Healthand Safety Act (Act85/1993). Verder is noodhulp 'n groot deel van

hulle risiko voorkoming #vlak3 #pleisterdiens en kan hul met hulp van risiko-analises, die gevaar uit enige situasie haal en bestuur, om sodoende 'n veilige, opvoedkundige en lekker kamp te kan aanbied #NQF # CATHSETTA.

Het jy al die volgende woorde gehoor #jougids "die aktiwiteit se reëls is ..." "jou veiligheid is ons prioriteit"? As jy het, was jy heel waarskynlik al op 'n ATKV-kamp iewers in ons pragtige land. Die ATKV jeugaksie het reeds ongeveer 700 skole betrek by besoeke aan kulturele terreine (o.a. oorlogsterreine, rotskunsterreine, en monumente), skoolkinders word ook betrek om Amafa met die bestuur van erfenis terreine te help.

Nou kyk, eet is mos vreeslik belangrik in enige gids se lewe, daarom voorsien die ATKV se eie Koswerf-restaurant ons maaltye. En boeta, kàn ons 'n duik eet in enige pot! Ons verslind etlike hoenders en drink 'n paar hektaar lemoenboorde leeg #Kerrietyd #Kospakkie. Ons het 'n ham-broodtjie al geet op die kant van die Sentinel, verbeel jou kake wat beweeg met 'n afgrond voor jou van oor die 948m. Ons het al appelsap gedrink saam met "Susanna" die kaalvoetvrou-monument en met vars gemaalde sorghum na praatjies geluister oor die Sotho-kultuur by Basotho-kultuurstad.



AMAFA

Celeste Rossouw (Senior Rock Art Officer at Amafa / Heritage KwaZulu Natali, the provincial heritage conservation agency for KwaZulu Natal) sent some information of the activities of their so-called Clustering Programme.



This programme was initiated by the late, Mr. Tommy Topp in 2012 to improve the efficiency regarding the monitoring and management of rock art sites in the Maloti-

Drakensberg Park World Heritage Site. This project's main goal was to cluster rock art sites together in manageable pockets, taking into consideration, the geographic location of the site (Taking factors into consideration such as: whether the sites are on the same side of the river or mountain and whether the sites can be visited in the rainy seasons, if they are across the river), walking distance to the sites, the amount of sites that could be monitored on one day, funding and human capital (Working schedules of the field rangers of each of the nature reserves in the MDP WHS were taken into account to establish when they are on leave, when they are doing training and workshops, etc. Field rangers were linked to specific rock art sites that they had to monitor each year, in specific months as per the frequency monitoring schedule). He was assisted by staff of the African Conservation Trust, the Mnweni and AmaZizi Monitors and Custodians to complete the locational verification of each site, which formed the first stage of the Clustering Project.

The locational verification was necessary since many sites were documented as early as the 1940s before accurate GPS equipment existed and some sites that were on the data-base could only be found based on vague descriptions of directions to the site. More than 550 sites' were recorded and several new sites were found, a risk assessment was done of each site and general management strategies pertaining to each site were listed. It took three years to complete this stage of the project. Secondly, Ms. Rossouw provided a time-schedule to aid the frequency of monitoring sites. For instance, if a site is officially open as a rock art destination it is monitored once a month; if the site is threatened by fire, it is monitored twice a year (once in May, before the Park's fire breaks are burnt and again in November); if the sites suffer from illegal visitation (visible in the form of graffiti, litter, candle wax, disturbance of the shelter's floor that may consist of an archaeological deposit and fire being burnt close to the rock art causing soot over the art and exfoliation of the pigment) it is monitored on a quarterly basis and if the site is in an pristine condition and suffers no threats, it is monitored on an annual basis.

Mr. Topp did three case studies and completed the Clustering Programmes for: Cobham State Forest, Giant's Castle and Injisuthi. This acted as examples for Ms. Rossouw (Senior Rock Art Officer) and Mr. Mbatha (Rock Art Monitor) to complete the Clustering Programme for Royal Natal, Cathedral Peak, Monk's Cowl, Highmoor, Kamberg, Lotheni, Mkhomazi, Vergelegen, Garden Castle and Bushman's Nek Reserves. The last phase took another year. At present the MDP WHS is the only World Heritage Site in the world where rock art is grouped into easy manageable pockets and can be used as an example for other nature reserves or protected areas.

Stellenbosch Munisipaliteit

Dr Natie de Swart het laat weet dat die Stellenbosch Munisipaliteit, ingevolge die bepalings van die Wet op Erfenishulpbronne van 1999 ("NHRA"), 'n omvattende inventaris opgestel het van die tasbare erfenisgoedere in die bogenoemde munisipale gebied.

Die inventaris is deur Erfenis Wes-Kaap (EWK), die provinsiale erfenisowerheid, aanvaar. Prof Todoscheni, 'n bekende in kultuur- en bewaringskringe onder wie se leiding die studie gedoen is, is ongelukkig op die dag van die voorlegging van die verslag aan EWK oorlede.

ES OPVOEDKUNDIGE ONTDEKKINGSENTRUM



Estelle Pretorius, Senior Bestuurder, Navorsing en Inligting van die **Erfenisstigting** (ES) het vir ons die volgende inligting aangaande die erfenisstigting se werksaamhede gestuur: Op 5 Julie 2018, 'n jaar nadat konstruksie begin het, het die kontrakteurs en projekspan amptelik die nuwe gebou op die piekniekerrein, aan die VTM bestuur oorhandig. A.g.v. 'n aantal onvoorsiene omstandighede waarvan die groot reën en weerligskade deel was, is die gebou bykans drie maande later as beplan, voltooi.

Die navorsing oor 11 temas en verskeie skoolgerigte leerplanne is deur Erfenisstigtingpersoneel en ander kundiges voltooi. Dit sal in bykans 100 inligtingspanele met illustrasies, met visuele materiaal toegelig word. Doelgerigte uitstalkaste sal 'n groot aantal voorwerpe huisves en blaaihorde en laaie sal meer detail en uitgebreide inligting bevat wat deur leerders, studente en ander navorsers 'ontdek' kan word.

Mnr Christo Rabie, die hoof opvoedkundige bestuurder is nou reeds 10 jaar besig met die projek en almal sien daarna uit om die sentrum teen Januarie 2019 ten volle te bedryf.

MOERDIJK GEDENKLESING

Die Moerdijk Gedenklesing (10 Mei 2018) was die eerste groot funksie waartydens ES die 80ste herdenking van die hoeksteenlegging gevier het.



Tydens die aand se verrigtinge is 'n borsbeeld van Gerard Moerdijk in die Monument onthul, asook 'n granietgedenkplaat buite. Die beeld is aan ES geskenk deur Werner Kirchhoff, seun van Peter Kirchhoff, een van die beeldhouers van die marmerfries in die Voortrekkermonument. Die lesing is aangebied deur mnr Nicholas Clarke, bekende erfenis-argitek. Verskeie lede van die Moerdijk-familie het die lesing bygewoon.

TOOI TURKOOIS

Die Monument skenk jaarliks die terrein gratis aan die Help Seniors-organisasie wat die Tooi Turkoois-dag aanbied vir bejaardes. Tydens hierdie jaar se geleentheid, het die ES saam met almal in die gehoor wat hierdie jaar 80 word, of is, die Monument se 80ste verjaarsdag gevier. Spesiale kolwyntjies vir die geleentheid is deur Union Caterers geskenk. Mnr Bernie Smit wat die verrigtinge bygewoon het, is in 1938 by die Monument gedoop.

TALKING MAPS

The map which was established in conjunction with Dinokeng to market the big tourism attractions in and around Tshwane, was launched in June at Menlyn Maine. Eight of the attractions on the map attended the launch. Dit is 'n kaart wat letterlik met die besoeker praat. Die kaart bemark die meeste van die groot toerismebestemmings in Tshwane en omgewing, en is tans enig in sy soort. Die kaart is ook by die Toerisme Indaba handelskou (Mei 2018) in KwaZulu-Natal bekendgestel.



Dit is altyd vir my 'n besondere plesier om my vriende (Suid-Afrikaners en uit die buiteland) vir 'n begeleide toer na die Voortrekkermonument in Pretoria te neem. Die terrein is altyd skoon en netjies en die personeel op die koppie vriendelik en behulpsaam.



Foto: Dr Claudia Gouws en vriendin Martina Hamman op besoek aan toerismebestemmings in Pretoria

KURSUSSE OOR KULTUUR EN ERFENIS

By die Noordwes-Universiteit (NWU) se Vaalkampus word vanaf 2018 naas die Geskiedenis modules, ook voorgraadse en nagraadse modules in Erfenis en Kultuurtoerisme aangebied.

Die NWU beoog om kort kursusse vir museumpersoneel en individue in die toerismebedryf vanaf volgende jaar aan te bied. Ons beplan 'n werkswinkel om die kurrikulum te bespreek. Kundiges in die museum en toerisme bedryf, wat belangstel kan hulle CVs aan my epos by Claudia.Gouws@nwu.ac.za. Inligting oor die werkswinkel sal spoedig aan belangstellendes uitgestuur word.

KONFERENSIES/FUTURE CONFERENCES

Proposals for paper presentations are invited to the 4th Annual Regional History Conference.

PLACE: Vereeniging

VENUE: Lords Signature Hotel

DATES: 29 & 30 NOVEMBER 2018

THEME: Community, heritage and memorialisation in regional histories

Abstracts should be submitted by e-mail to Ms Lebo Serobane at Magdalene.Serobane@nwu.ac.za

Proposals for paper presentations are invited to the 9th Ecohealth & Wellbeing Research Conference.

PLACE: Vereeniging

VENUE: Lords Signature Hotel

DATE: 15-16 NOVEMBER 2018

THEME: Ecohealth and wellbeing research in multidisciplinary contexts: Theoretical perspectives, methods and best practices

Abstracts should be submitted by e-mail to Ms Lebo Serobane at Magdalene.Serobane@nwu.ac.za

PUBLIKASIES

Gerrit Haarhoff *Forgotten Tracks and Trails of the Escarpment and the Lowveld* (China, Shangai Kangshi Printing Co. Ltd., 2018, 314 pp., 720 photographs, 60 maps, tables, endnotes, reference list, index. ISBN: 978-0-620-78543-3).

Describing the events as they unfolded and the people involved, this book gives an accurate and concise history of the period leading up to the establishment of Eastern Railway line. The author based his investigation not only on archival records, but also used the latest drone technology, aerial photography, Lidar, and Google Earth®, to

make the long-forgotten roads visible again. For more information visit www.forgottentracks.co.za

GESKIEDENIS/KULTUURGESKIEDENIS AS SKOOLVAK

Wat is die planne aangaande Geskiedenis/kultuurgeskiedenis as skoolvak? Sien die volgende snitte op YouTube. **Die die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en die FAK (Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniging)** het op Woensdag 12 September 2018 'n simposium aangebied oor die toekoms van skoolgeskiedenis. Ons tydskrif redakteur Prof. Elize van Eeden was een van die sprekers.

Prontuit 16 Julie 2018: Segment 1: Verpligte geskiedenis

Angie Motshekga, die minister van basiese onderwys, het onlangs aangekondig geskiedenis gaan as 'n verpligte vak, tot matriek, geïmplimenteer word. Die beoogde datum hiervoor is 2023. Historici en onderwyskundiges is verdeeld hieroor. Is dit moontlik om in 'n diverse land soos Suid-Afrika, almal se geskiedenis, gebalanseerd, in 'n kirrukulum, saam te vat? Die Prontuit-span het met 'n paar kundiges gaan gesels. https://youtu.be/Opv_XERauT8

Prontuit 16 Julie 2018: Segment 2: Verpligte geskiedenis

In 2015 het 'n ministeriële taakspan begin met 'n ondersoek oor hoe om geskiedenis as 'n verpligte vak vir leerlinge tot graad 12 te implimenteer. Die taakspan se bevindinge is onlangs bekend gemaak, maar talle akademici en onderwyskundiges het hul bedenkinge oor dié plan uitgespreek. https://youtu.be/WpiXMoj_Xrc

Prontuit 16 Julie 2018: Segment 3: Verpligte geskiedenis

Is geskiedenis as verpligte vak tot matriek 'n wyse ding? Maak die huidige regering dieselfde fout as die NP-regering destyds, wat betref geskiedenis as skoolvak? Die Prontuit-span het by kenners gaan kers opsteek. <https://youtu.be/mgL3o0kgRZg>

DANKBETUIGINGS/REWARDS/ACADEMICAL POSTS

Doktorsgrade

Ons gelukwense gaan aan van ons bekende SAVK-lede wat in 2017 hul PhD's in Geskiedenis verwerf het. Baie geluk aan Asdrif Schwenke astridschwenke@worldonline.co.za, sy het haar D.Phil. in Kultuurgeskiedenis aan UP in April 2018 ontvang. Haar proefskrif se titel is: *Die evolusie van die historiese marmarfries in die Voortrekkermonument, Pretoria: 1932 tot 1952*. In die vorige Sonnerad het ons reeds berig dat van ons SAVK-lede Dr Natie de Swardt en Dr Okkie Stander albei hul doktorsgrade in 2017 ontvang het.

Ons Tydskrif en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se pryse

Dr. Linda Brink *koördineerder projekte* verbonde aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het reeds in Februarie die prysweners van die ATKV-SA Akademieprys 2018 bekend gemaak en **ons SATK redakteur Prof Elize van Eeden** geluk gewens met 'n puik tydskrif. Volgens Brink se skrywe was al die artikels wat deur redakteurs voorgelê is, van hoogstaande gehalte. Prof Elize van Eeden is in besonder bedank vir haar aandeel om die beste artikels wat in 2016 in die tydskrif verskyn het, voor te lê vir beoordeling.

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) stel 'n jaarlikse prysgeld van R60 000 beskikbaar vir die bekroning van ses gepubliseerde Afrikaanse artikels wat in 'n betrokke jaar in 'n geakkrediteerde tydskrif verskyn het, dus R10 000 per artikel. Vier pryse is bestem vir artikels in die geesteswetenskappe en twee vir artikels in die natuurwetenskappe. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hanteer die keuringsproses en die 2016-prysweners is soos volg:

Geesteswetenskappe:

1. Prof. H.P. van Coller, Affiliasie: Dept. Tale en Letterkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus vir sy artikel *T.T. Cloete as literêre kritikus, teoretikus en literatuurhistorikus* (Deel 2): *T.T. Cloete as literêr-historiese teoretikus*. Die artikel het verskyn in *Literator – Journal of Literary Criticism, Comparative Linguistics and Literary Studies*, 2016.
2. Dr. Cilliers van den Berg, Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat vir twee artikels: *Histerie en Perversie* (deel II): *'Slagofferskap' in Der Nazi & der Friseur* (Edgar Hilsenrath) en *'De joodse messias'* (Arnon Grunberg) wat in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Jg. 56 (3), September 2016 verskyn het en *Mimesis soos beredeneer deur Philippe Lacoue-Labarthe: 'Horrelpoot' (2006) deur Eben Venter as herskrywing van Joseph Conrad se 'Heart of darkness' wat by LitNet Akademies* Jg. 13 (2), 2016 verskyn het.
3. **Mnr. Charl Blignaut**, Vakgroep Geskiedenis, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus vir sy artikel *"Rebellie sonder gewere": vroue se gebruik van kultuur as versetmiddel teen die agtergrond van die ossewa-brandwag se dualistiese karakter* wat verskyn het in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* Jg. 30 (2), Des 2016.
4. Me. Izette Bredenkamp en prof. André Wessels, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat vir hulle artikel *Suid-Afrikaanse kapelaansvroue en die Grensoorlog (1966– 1989): 'n Gevallestudie van denominale pastorale versorging* wat verskyn het in *Joernaal vir Transdissiplinêre navorsing in suidelike Afrika*, 2016.
5. Prof. Aslam Fataar, Vise-Dekaan: Navorsing en dr. Henry Fillies van die Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit Stellenbosch vir hulle artikel *Die leerpraktyk-vorming van hoërskoolleerders op 'n plattelandse werkersklasdorp* wat verskyn het by *LitNet Akademies* Jg. 13 (2), 2016.

6. Dr. Michelle Barnard, Fakulteit Regte, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus vir haar artikel *Koolstofbelasting as voorgestelde ekologiese fiskale hervormingsmaatreeël in Suid-Afrika* wat by *LitNet Akademies* Jg. 13 (3), 2016 verskyn het.

Natuurwetenskappe:

7. Prof. Helgard G. Raubenheimer, Departement Chemie en Polimeerwetenskap, Universiteit Stellenbosch vir sy artikel *Aull: Skaars of afgeskeep? 'n Kritiese literatuuroorsig* wat verskyn het by *LitNet Akademies* 13 (2) 2016.
8. Proff. Adriaan J. Reinecke en Sophia A. Reinecke en me. Mia van Wyk, Departement Plant- en Dierkunde, Universiteit van Stellenbosch vir hulle artikel *Die geskiktheid van potwurms (Enchytraeidae) en plante om die toksisiteit van olieraffinadery-slik te toets* wat in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* 35 (1), 2016 verskyn het.

Job vacancies

Michael Moser PhD michael.moser@sociology.com presented academic job vacancies in Australia, Belgium, Denmark, Finland, Germany, Hong Kong, Ireland, Mexico, Norway, Sweden, and United Kingdom [schools of sociology, political science, philosophy and social and cultural anthropology] and many more at Sociolox.com. To learn more about these and other job vacancies, we invite you to visit their website www.sociolox.com and/or to "register" and/or to "contact us". Want to post a job vacancy? Attract the attention of their academic audience of more than 160,000 professors, lecturers, researchers, scientists and academic managers who are at present employed in the highest-ranking schools of sociology and political science worldwide and who receive their specialised newsletters twice a month "post a job vacancy on Sociolox" and/or "contact us".

LIEF EN LEED

Me Petra Luus word geluk gewens met die geboorte van haar babadogterjie. Ook geluk aan Matilda Burden en haar suster Karin Temmingh wie se moeder, Gerda Gericke (gebore Bremer) hierdie jaar honderd jaar oud word.

Vyf SAVK-lede is oorlede, nl. Hans Fransen, Leon Vorster, W.D.F Malherbe, F.G. Bekker en prof Cobus Ferreira (op 12 September).

ES berig die volgende: Vir die Erfenisstigting en Voortrekkermonument is die dood van die kultuurhistorikus, prof Cobus Ferreira, 'n groot verlies. Afgesien van die feit dat hy 'n persoonlike vriend en kennis van verskeie van ons personeellede was, het hy 'n groot bydrae gelewer tot die optekening van die geskiedenis van die Voortrekkermonument. Sy

boek, 'n Volk se hulde (Johannesburg, 1975), is steeds 'n onontbeerlike naslaanbron oor die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee en die bou van die Monument. Sy universiteitsopleiding het soos volg verloop: D.Litt. et Phil. - Geskiedenis (Universiteit van Suid-Afrika, 1978) met 'n proefskrif getiteld Stephanus Schoeman in Transvaal; D.Phil. - Kultuurgeskiedenis (Universiteit van Pretoria, 1994) met 'n proefskrif getiteld Boeregeïnterneerdes in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902: 'n kultuurhistoriese studie; senior lektor (1980-1986), medeprofessor (1987-1994) en professor (sedert 1995) in die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria (1980-1986). Hy het in Junie 1998 afgetree en hom op Jeffreysbaai gevestig.

Cobus Ferreira laat 'n ryk kultuurhistoriese nalentenskap agter – hy was outeur en mede-outeur van meer as 25 boeke, sewe en negentig tydskrifartikels uit sy pen handel onder meer oor die kontak tussen Suid-Afrika en Portugal, monumente en genealogiese, biografiese, streekhistoriese, kultuurhistoriese en metodologiese onderwerpe. Hy het veertig boekresensies vir vaktydskrifte geskryf. Sy laaste boek het vanjaar verskyn, naamlik Broederskap – die eeufeesgeskiedenis van die Afrikaner-Broederbond.

Hy het navorsingstoekennings ontvang van die Sentrale Volksmonumentekomitee (1968), die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (1970 en 1975) en die Universiteit van Pretoria (1985).

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge het in 1994 die Prestigeprys vir Geskiedenisbevordering aan Ferreira toegeken, terwyl die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hom in dieselfde jaar met die Erepenning vir Kultuurgeskiedenis vereer het. In 1998 is die Historiese Genootskap van Suid-Afrika se sertifikaat vir die bevordering van die vakke Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis aan hom toegeken, terwyl die Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde hom in dieselfde jaar met die Erepenning vir Volkskultuur vereer het. In 2004 het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hom vir 'n tweede keer bekroon en wel met die Erepenning vir Geskiedenis, spesifiek vir sy bydrae tot die opskrifstelling van die geskiedenis van die kontak tussen Portugal en Suid-Afrika deur vyf eeue.

Ons eer sy nagedagtenis.

INLIGTING/INFORMATION

Emile Coetzee vra ons lede om *Eensgesind*, potgooi episodes wat jou inlig, te ondersteun. Hy het die volgende inligting gestuur: Die daaglikse lewe is ook so gejaag dat al hoe minder mense tyd kry om na televisie programme te kyk of om 'n koerant behoorlik te bestudeer. Tog kan hulle na radiuitsendings, audioboeke of na 'n spesifieke potgooi opname deur bekendes en/of deskundiges luister terwyl hulle motor bestuur, oefen of loop. Potgooi episodes, is die perfekte platform om deskundiges gratis na die breër publiek te bring. Deur middel van deskundiges opnames, kan intekenaars

EENSGESIND
JOU VRYE TYD VENNOOT

behoorlike kommentaar oor enige kontemporêre of historiese saak kry. Eensgesind.com is 'n platform waar daar juis op die huidige oomblik opnames beskikbaar is aangaande die krisis in Suid-Afrikaanse museums asook die treurige situasie rakende Suid-Afrikaanse monumente. Deur 'n *Smartfoon* kan 'n persoon op *Eensgesind* inteken deur middel van 'n "app" soos *Castbox®* of *Stitcher®*. Soek vir *Castbox®* op *Google Playstore®*. Wanneer jy dit vind, kan jy gratis *Castbox®* aflaai, vir *Eensgesind* klankleërs soek, en dan by die diens inteken. Verbruikers wat met 'n *Apple iPhone®* werk kan *Eensgesind* klankleërs vind op *Apple iTunes®*. Alle opnames en artikels kan ook op die webtuiste (www.eensgesind.com) gevind word. Dit is Eensgesind.com se wens dat u die opnames en artikels vindingryk sal vind en dat u dit sal oorweeg om 'n opname **oor u eie deskundigheid** vir die breër publiek in die nabye toekoms te maak. Kontak vir Eensgesind.com via hul webtuiste.


FACEBOOK-BLAD

Hiermee wil ek aan ons SAVK lede meedeel dat ons nou 'n facebook-blad het. Op die oomblik is dit 'n geslote blad. Indien jy belangstel om die blad te besoek, kontak Petria de Vaal-Senekal by petria.marais08@gmail.com. Die plan is om die blad vir die publiek oop te stel, lede word dan aangemoedig om die blad te *like* en te *share* sodat ons vereniging lede kan werf. Ek sukkel tans om toegang tot die blad te kry, dit benodig aandag!

Die Suid-Afrikaanse tydskrif vir Kultuurgeskiedenis Jaargang 35 deel 1 Junie 2018 is in die proses van versending. Ek wil 'n beroep op ons lede doen om adresveranderinge by ons ledesekretaris Celeste Rossouw (Pietermaritzburg) 0823920495 of celrossouw@gmail.com op datum te bring, sodat hulle die tydskrif oor die pos kan ontvang. Ons wil u herinner aan die lidmaatskapshernuwings vir 2018. Die vorm is in die agterblad van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*. Indien u, u betaling gedoen het, e-pos asseblief 'n skandering van u vorm asook van die bewys van betaling aan Celeste Rossouw by celrossouw@gmail.com.

Ons soek altyd nuus van die museums en bewaringsorganisasies, en nuus van ons lede. Foto's is natuurlik welkom. Daar word 'n beroep op lede gedoen om inligting en foto's, personalia/uitnemende werk met betrekking tot Kultuurgeskiedenis/museums en erfenissake vir ons volgende Sonnerad (Desember 2018) on nuwe Sonnerad redakteur Petra Luus navorsinginfo@es.org.za te stuur.

Hierdie uitgawe van die Sonnerad is saamgestel en versorg deur Claudia Gouws

<p>Die Sekretaris SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis Posbus 11403 Hatfield 0028, RSA petra@es.org.za</p>	 The coat of arms features a central shield with a sunburst design, topped by a crown and flanked by two figures. A banner at the bottom contains the motto 'SCIENTIA ET VERITAS'.	<p>The Secretary SA Society for Cultural History PO Box 11403 Hatfield 0028, RSA petra@es.org.za</p>
---	--	---